
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

WEBSITE: www.stangerchristiancentre.co.za E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

DIE REGVERDIGES SAL UIT DIE GELOOF LEWE

Ons Verlosser en Redder, Jesus is uit 'n Maagd gebore, Hy het uit die hemel na die aarde gekom om die mensdom te verlos. Hy was volkome mens en volkome God omdat Hy die Seun van God is en daarom kon Hy alleen die volmaakte offer wees, aanvaarbaar vir God om die prys vir ons verlossing te betaal. Hy het ook gekom om ons die weë van Sy Vader te leer, hoe om in die Gees leef en te wandel en om volgens God se Koninkryk se beginsels te leef wat ewig is. Hy het ons geleer dat ons ware tuiste in die Hemel is en dat ons slegs vreemdelinge hier op Aarde is, maar dat ons gedurende ons tyd hier op die Aarde deur geloof in ons Hemelse Vader God moet leef en in Sy Woord. Jesus het deur Sy voorbeeld geleer, omdat Hy Sy Vader volkome vertrou het gedurende Sy tyd hier op Aarde en Hy is die Leidsman en Voleinder van ons geloof, dus moet ons werklik aandag gee aan Sy Woord en aan diè van Sy Vader wanneer dit gaan oor hulle opdragte en hoe om deur geloof te lewe.

Die Here het weereens tot ons harte gespreek, oor die belangrikheid van Sy Woord wat sê: **Maar die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe. Hab. 2:4,** en dieselfde woorde word herhaal in **Heb. 10:3 en Rom. 1:17: Die Regverdiges sal uit die geloof lewe.** Ons besef dat hierdie woorde baie belangrik moet wees deurdat die Here dit drie keer in Sy Woord verklaar en in Heb. 11:6 lees ons dat sonder geloof dit onmoontlik is om God te behaag. Ons moet in God, Sy Woord en Sy vermoë glo, en ons moet ook glo dat Hy 'n beloner is van diè wat Hom soek. Ons kan alleenlik net geloof in God hê, want alles en almal behalwe God is feilbaar.

Ons mag dink dat hierdie onderwerp te eenvoudig gestel en basies is, of iets waarvan ons reeds al lank al bewus is. Miskien "dink" ons dat ons alreeds alles in verband met Geloof weet wat God vir ons in Sy Woord leer en hierdeur kan ons mislei word en glo dat ons besig is om hierdie nodige geloof in God in ons lewens toe te pas omdat ons "alles daarvan weet". Maar kom laat ons weer opnuut na hierdie diep stelling in Hab. 2:4 kyk en met Abraham begin. In Rom. 4:3 lees ons: **Abraham het in God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken.** Hy is ook deur God Sy vriend genoem (2 Kron. 20:7), want **hy het waarlik God op Sy Woord geneem en daarop gereageer. Hy was 'n dader van die Woord, hy was gehoorsaam**.

As ons vir 'n paar oomblik Abraham se geloof ondersoek en wat dit alles behels sal ons miskien ook 'n ware prentjie kry van geloof wat ons Hemelse Vader begeer en behaag.

Die geloof van Abraham word beskryf in Hebreërs hoofstuk 11 verse 8-10 en ook in verse 17-19.

Deur die geloof het Abraham, toe hy geroep is, gehoorsaam weggetrek na die plek wat hy as 'n erfenis sou ontvang; en hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom. Deur die geloof het hy as vreemdeling gaan woon in die land van belofte soos in 'n vreemde land en in tente gewoon met Isak en Jakob, die mede-erfgename van dieselfde belofte. Want hy het die stad verwag wat fondamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is. Deur die geloof het Abraham, toe hy op die proef gestel is, Isak geoffer; ja, hy wat die beloftes ontvang het, het sy eniggeborene geoffer, aan wie gesê is: In Isak sal jou nageslag genoem word—want hy het gereken dat God mag het om selfs uit die dode op te wek; daaruit het hy hom ook, om so te spreek, terug ontvang.

Ons sien hoe Abraham eenvoudig God op Sy Woord geneem het en kinderlik gehoorsaam was nieteenstaande dat dit menslik onbillik en onmoontlik gelyk het nie. Hy was nie beïnvloed deur omstandighede of situasie waarin hy homself gevind het nie. Sy hoop en vertroue was volkome in God se beloftes aan hom, vertroue in God se Woord en nie in sy eie vermoë nie.

Die Bonatuurlike

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Die regverdiges sal uit…)

'n Kosbare suster in die Here het ons onlangs besoek en met ons gedeel hoe die Here haar gewys het watter onvermoë (ongeloof) Sy mense toon om Sy bonatuurlike, Goddelike vermoëns, wat aan hulle beskikbaar is, in hulle eie lewens te ondervind, as ware kinders van die Here. Die Here het haar herinner aan die feit dat die hele Bybel 'n reeks van wonderwerke is wat Hy vir Sy mense gedoen het. Byvoorbeeld; Moses wat as 'n babatjie weggesteek was; deur Farao se dogter groot gemaak en in die paleis die beste onderrig ontvang het vir die groot taak wat God vir hom en die volk van Israel beplan het, die vermoë om die eerste vyf boeke van die Bybel te skryf. Wonderwerke soos die Rooi see wat geopen was, wat die Israeliete instaat gestel het om daardeur te loop, maar die Egiptenare uitgewis het toe hulle die Israeliet agtervolg het. Wonderwerke soos Daniël, wat deur God beskerm was in die leeu kuil, Joshua se oorwinning in Jerigo, Gideon se oorwinning oor die Midianiete, die maagdelike geboorte van Jesus, die son wat stil gestaan het, en so kan ons aangaan. Die Here het ons vriendin herinner, dat Hy nog dieselfde God is (Jak. 1:7), met dieselfde vermoë en krag, en as ons maar net sal glo volgens die Bybel dat Hy nooit verander het nie, dan moet dit tog vir enigeen logies wees dat Hy nog sulke wonderwerke vandag vir Sy kinders kan doen, Jesus het self gesê: **By mense is dit onmoontlik, maar nie by God nie; want by God is alle dinge moontlik. Mark. 10:27.**

Dieselfde wonderwerke van Jesus geld ook vir vandag, want Hy is dieselfde gister vandag en tot in ewigheid (Heb. 13:8). God het ook vir haar gesê dat Sy krag nie verminder het nie, maar nogtans leef Sy kinders ver te kort om die volheid van Sy vermoëns te ondervind en te geniet. Omrede dat ons, as die regverdiges, nie elke dag deur ons geloof in Sy vermoëns lewe nie! Dit is interessant om in Markus 6:1-6 te lees toe Jesus na Nasaret, Sy vaderstad, teruggekeer het kon maar net vir 'n paar siekes hande oplê en gesond maak en Hy was verwonderd oor hulle ongeloof. Dit was net hulle ongeloof wat Hom beperk het om wonderwerke te kon doen. Onthou Hy was dieselfde Jesus, met dieselfde krag en vermoë, Hy was die Seun van God, maar nogtans kon die ongeloof van mense Hom verhinder om Sy krag te ondervind.

Maar die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe, en daarin lê die antwoord. Wanneer die Bybel die woord "regverdige" gebruik verwys dit na die diegene wat hulle harte aan die Here Jesus gegee het en wedergebore is (kinders van ons Hemelse Vader). Ons is alleenlik deur die bloed van Jesus Christus geregverdig, en dit is in Sy regverdigheid dat ons geregverdig is. As regverdiges moet ons met oortuiging meer en meer as ooit tevore "uit die geloof" lewe, in hierdie laaste dae.

Besluit om jou vertroue opnuut in die Here te plaas.

Dit is net vir ons nodig om na Hebreërs hoofstuk 11 as 'n riglyn vir ons eie lewens te kyk, hoe hierdie geloofshelde oortuig was deur God se vermoë en deur hulle geloof in God hoe hulle opgetree het. Hulle het Vader God in die mees onwaarskynlike omstandighede vertrou en God het hulle nooit teleurgestel nie.

Dit was eers toe hierdie voorbeelde van geloof 'n openbaring vir ons geword het, dat ons besef het dat God se Woord vir ewig vasstaan en dus nog van toepassing vir vandag is. Met hierdie vertroue in God het ons begin om dieselfde geloof toe te pas hier by die Sentrum, en soos die vaders van ouds het ons God se Hand in beweging gesien. Ons het vir die afgelope 20 jaar, dag na dag God se bonatuurlike ondervindings op alle gebiede beleef.

Hierdie stelling is nie wensdenkery nie, maar waaragtig gestaaf deur baie getuienisse wat daagliks eer aan ons Wonderwerkende Hemelse Vader bring. Selfs die feit dat die Here vir ons die afgelope 20 jaar finansieel voorsien het om Sy Woord te kon versprei, is 'n getuienis opsigself. Soos met die ou Geloofs Vaders het dit nie van ons eie vermoëns afgehang nie, maar ons het net eenvoudig ons volle vertroue in God en Sy Woord en beloftes geplaas, en deur Sy Heilige Gees gelei. Vir die mense wat hulle oë op die aandeel pryse en die Rand/Dollar wisselkoers het, wil ons julle net verseker dat ons Hemelse Vader vir ons sal sorg en in al ons behoeftes sal voorsien, want Hy bly die Here van Here en Hy is nog in beheer van al die ontwikkelinge wat in hierdie laaste dae plaasvind. Maak vandag 'n kwaliteit besluit om jou vertroue opnuut in die Here te plaas, want ons sekuriteit is in Vader God in die Naam van Jesus en nie in die dalende geldstelsel nie. Maar onthou Matt. 6:19-34 vertel ons mooi in vers 33 dat ons eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid moet soek en dat Hy al hierdie dinge sal byvoeg. Wat is hierdie dinge waarvan Jesus praat? Ons vind die antwoord vanaf vers 19 en in vers 34 sê die Here: **Kwel julle dus nie oor more nie, want more sal hom oor sy eie dinge kwel….**

Beywer om die rus in te gaan.

Heb. 4:9 en 10: Daar bly dus 'n Sabatsrus oor vir die volk van God; want wie in sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van syne.

Hierdie plek van rus wat vir gelowiges moontlik is om in te gaan, is die uiterste vorm van geloof in die Here. Dit is 'n plek wat ons in ons Christen wandel bereik; 'n plek van volwassenheid deur gehoorsaamheid en geloof waar ons ophou om dinge in ons eie krag en intellek te probeer uitwerk of op te los. 'n Plek waar ons van ons eie werke rus en God volkome vertrou. Onthou Jesus is ons Sabatsrus en as ons in Jesus bly, kan ons tot rus kom. Ons moet veral hierdie jaar tot 'n punt kom en besluit om nie op ons eie vermoë staat te maak nie, maar om tenvolle op God se bonatuurlike weë en vermoë te vertrou om die vereiste resultate te volbring. Ons het nie nodig om vir Hom voor te skryf of idees te gee nie. Ons het nie nodig om gefrustreerd of ongeduldig te word nie. Ons het nie nodig om 'n situasie te verregverdig of te verdedig nie – ons het wel nodig om Sy rus in te gaan, daardie plek wat in Hom bestaan terwyl ons in gehoorsaamheid aan Hom en Sy Woord voortgaan. Laat ons vers 11 van Heb. 4 onthou **Laat ons ons dan beywer om in te gaan in diè rus, sodat niemand in dieselfde voorbeeld van ongehoorsaamheid mag val nie.**

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Die regverdiges sal uit…)

Gehoorsaamheid aan God is 'n baie belangrike deel van geloof, en Sy "rus" is 'n plek in die gees – 'n plek van volle vertroue en vrede. Ons hoef net Psalm 91 te lees om ons te herinner aan daardie plek van rus in God; op voorwaarde dat ons vertroue alleen in Hom en in Sy Woord is.

Onthou ons word nie passief deur om Sy rus in te gaan nie, inteendeel die Woord spoor ons aan om ons te **beywer om die rus in te gaan.** Ons het almal die ondervinding gehad dat dit baie makliker is om "iets omtrent 'n situasie of probleem te doen", as om liewers net vir die Here "te wag" om in te gryp! Dit is hoekom dit vir ons belangrik is om 'n aktiewe besluit te neem om dinge nie in ons eie krag en vermoè te probeer uitwerk of oplos nie. Baie van ons het sulke goeie en wonderlike idees hoe om vir ons toekoms en die toekoms van ons geliefdes te beplan, maar as hierdie planne nie God s'n is nie, sal ons nie Sy volmaakte doel en Sy heel beste ervaar nie. Ek herhaal, om in God se rus in te gaan, is die hoogste vorm van geloof! Wanneer ons met volle vertroue op die Here wag, sal Hy vir ons Sy weë en Sy perfekte plan wys. Miskien is daar 'n gegewe situasie wat nie in Sy geopenbare Woord mag wees nie, bv. Of ons 'n besigheid moet koop, of verhuis ens, maar as ons in geloof (vertroue) bid en op Hom wag, sal Hy Sy perfekte Plan en Tyd aan ons openbaar.

Jesus verwag om geloof in die harte van Sy Bruid te vind.

Nog 'n rede hoekom die regverdiges deur die geloof sal leef, is omdat wanneer Jesus terugkom om ons te kom haal, verwag Hy om geloof in die harte van Sy Bruid te vind. Jesus waarsku ons in Lukas 18:8: **…maar as die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof op die aarde vind?**

Hy kom terug vir diè wat in geloof waak en op Sy koms wag. Tot tyd en wyl moet ons ons geloof in God se Woord en Beloftes vir elke situasie en omstandigheid in ons lewens beoefen. Hierdie Bybelse geloof is nie 'n kits ondervinding nie, maar kom geleidelik soos ons vertroue word, soos in die lewens van die Bybelse helde. Die Bybel verklaar dat voor Jesus se koms sal die wêreld wees soos in die dae van Noag (Matt. 24:37). Dinge gaan nie beter word nie, dit maak nie saak waar ons bly of wat ons finansiële situasie is nie. Die Bybel vertel ons dat in die laaste dae die onregverdige nog meer onregverdig sal word en diè wat vuil is laat hom nog vuiler word (Openbaring 22:11) en dat hongersnood, wetteloosheid, misdaad, geweld, rebellie en oorloë, vloedrampe en droogtes sal seëvier. (Matt. 24:6-7). Maar die regverdiges sal nog regverdiger word en die heilige nog heilige word en die heerlike waarheid in die midde van hierdie eindtyd gebeurtenisse is dat diè wie hulle God in hierdie dae vertrou en wat gehoorsaam is aan Sy Woord, sal Sy bonatuurlike voorsiening, beskerming en wonderwerke ervaar! Diègene wie Hom in kinderlike geloof vertrou in die storm van die lewe en verwag dat Hy Sy Woord, net soos Hy belowe het, sal volbring; diè sal in die laaste dae sterk staan. Hy is besig om alles te skud wat geskud kan word, sodat net dit wat ewig en standvastig is sal bly staan. Daarom is dit belangrik dat ons "huis" op die Rots van God se Woord gebou is en nie op die sand van ongehoorsaamheid en die wêreld se "wysheid" nie. Dit is diè wie Hom lief het, Hom dien, Sy Woord glo en hulleself afsonder vanuit die onheilige toestand wat besig is om ons te omring in 'n wêreld wat homself regmaak vir die Antichris se heerskappy, hulle sal die bonatuurlike tussentrede van hulle Ewige God, ons Hemelse Vader, sien. Jesus het dit nodig gevind om ons te vermaan dat Hy, met Sy terugkeer, vir geloof sal soek en dit is hoekom die regverdiges deur hulle geloof moet lewe. Wanneer die geldstelsel inmekaar stort – sal die regverdige deur sy geloof lewe! Wanneer misdaad en geweld hoogty vier – sal die regverdige deur sy geloof lewe! Wanneer die politiese stelsel misluk – sal die regverdige deur sy geloof lewe! Wanneer die misoes en droogte voorspel word sal die regverdige deur sy geloof lewe! Baie belangrik – Geloof is om onvoorwaardelik te glo dat Vader God sal doen wat Hy sê Hy sal doen as jy doen wat Hy in Sy Woord beveel dat jy moet doen. Maar hoe sal jy weet wat God sê jy moet doen as jy nie Sy Woord (die Bybel) lees om die Goddelike instruksies te ontvang nie?

Kom ons besluit nog vandag om God en Sy Woord bo alles en met ons hele hart te glo en daarvolgens te reageer, nieteenstaande wat die probleme is nie. Dit mag wees dat jou geloof in jou hart gewankel het, oor iets wat jy oor 'n lang tydperk vir die Here voor gevra het en nog nie antwoord gekry het nie. Miskien 'n ongeredde geliefde, 'n finansiële situasie, 'n kroniese siekte, hierdie is die jaar om opnuut die Here te vertrou en om Sy antwoord te verwag. Alhoewel dit die laaste maand van hierdie jaar is, is dit nooit te laat om ons geloof te beoefen nie!

Werp dan julle vrymoedigheid, wat 'n groot beloning het, nie weg nie. Want julle het lydsaamheid nodig om nadat julle die wil van God gedoen het, die belofte te verkry. Want nog 'n klein tydjie, en Hy wat kom, sal kom en nie versuim nie. Maar die regverdige sal uit die geloof lewe; en as hy hom onttrek het my siel geen welbehae in hom nie. Maar by ons is daar geen onttrekking tot verderf nie, maar geloof tot behoud van die lewe. (Heb. 10:35-39) □

FAITH IN ACTION

"Please pray for me that I might have more faith", is often the sincere cry of so many sincere Christians who are seeking a miracle from the Hand of God! "How can I obtain it?" – they ask. They know that healing and other blessings from God are received by grace through faith, but they are not sure how to have the necessary faith in their hearts to receive these blessings. Some people try frantically to "make" themselves believe and end up under condemnation or in despair. The truth is that "heart" faith is not conjured up in the mind, nor is it an emotion, or an act of the will. Just as we cannot be happy through trying to "feel" happy, we cannot "have faith" by trying to " work up a feeling of faith". Faith is simply putting our trust completely in God and His everlasting Word – just as simply as a little child would trust his earthly father and his word or promise.

In order to be able to believe with our hearts we need to ask Father God to quicken His Word and His promises to our hearts by His Holy Spirit. It is by the work of the Spirit of God that God's written Word becomes a reality within our hearts to enable us to believe and trust God to bring it to pass. The Bible tells us that **"to each of us has been given the measure of faith."** This measure of faith enables us to act upon God's Word when we hear the message of Salvation, (the Good News that Jesus saves repentant sinners), and reach out in trust to receive redemption through Jesus. The Holy Spirit together with the incorruptible Seed of God's Word, and your measure of faith bring about the New Birth. **(Rom 10:9-10) That if thou shalt confess with thy mouth the Lord Jesus, and shalt believe in thine heart that God hath raised him from the dead, thou shalt be saved. For with the heart man believeth unto righteousness; and with the mouth confession is made unto salvation.**

This measure of faith that is given to every man depends for its growth upon how it is nourished and this nourishment depends on us. Often people surround themselves with things that attack and weaken their faith. They fix their eyes on people who have failed to receive rather than those who have succeeded! In other words, their eyes are on circumstances rather than God's promises. Very often the literature they read, TV they watch or council of friends they receive (Job's comforters) undermine rather than build their faith. No wonder that some people have weak faith in a time of crises and are unable to overcome. The Word of God is your strength and foundation. Jesus said that His Words are Spirit and Life!(John 6:63) Read our book nr. 64 - "The Christian and Job".

We know that the disciples of Jesus did not start with great faith because it is recorded that they were often amazed at what Jesus did. In Matt. 8:27 we read that they "marveled" when Jesus calmed the storm and remarked on the manner of man that He was, for even the winds and the waves to obeyed Him! As they continued to walk with Jesus, and remain with Him in situations where He displayed faith and victory over the power of the enemy, they were soon moving in faith with the same victorious results. It is recorded

(Continued on Page 5)

(Continued from page 4-FAITH IN ACTION)
that people knew where this faith and power of the disciples had come from, because in **Acts 4:13** we read **"They marveled; and they took knowledge of them** (the disciples) **that they had been with Jesus.** Thus we see that one of the most important steps that can be taken to nourish our faith is to fellowship with those who **have faith**. Some people who come for healing often want an instant miracle and yet have no desire to sit under the preaching of God's Word, and yet it is the Word that goes forth that will build the faith necessary for them to receive healing. We have to our regret come across some who want instant healing so that they can be on their way and continue in more or less the same spiritual condition they were in when they came. No wonder some are disappointed.

We do not however build our faith on the experience of others or on their faith, or even on the improvement that exists after the prayer of faith for healing has been prayed, but rather upon God's Eternal Word, which is forever established. **(Psa. 119:89) For ever, O LORD, thy word is settled in heaven.**

The Word of God tells us that: **"Faith cometh by hearing, and hearing by the Word of God."(Rom.10:17)** Jesus **taught** His disciples - and through His **teaching** their faith was nourished. This same teaching is available to each one of us today and will nourish – increase - our faith. In Mark 6:1-6 we read that in Nazareth Jesus **"could do no mighty work except to heal a few sick people and He marveled because of their unbelief"**. So, He went about the villages **teaching!** He knew that their level of faith depended on the amount of teaching they received. Feed on the Word of God so that in an hour of need it can become your strength and your strong foundation! It is through your faith in the Word of God and His ability to perform it, that healing takes place. **Psalm 107:20 says: "He sent His Word, and healed them."** We need to memorize and then proclaim out aloud, Scriptures pertaining to Divine healing and then say, as Jesus did, when Satan came to Him to tempt Him in the wilderness, **"It is written, Thou shalt not tempt the Lord thy God" Luke 4:12.**

Often, as humans, we are guilty of forgetting past answered prayer which always ensures our faith for future prayer requests. An example of this is when Jesus said to His disciples, who were reasoning among themselves, **"Oh you of little faith, why reason you… Do you not yet understand neither remember the five loaves of the five thousand and how many baskets you took up? Neither the seven loaves of the four thousand and how many baskets you took up?" (Matt. 16:8-10).** Jesus was in fact saying "you have witnessed a miracle of provision and yet you still reason and doubt. Why not live in the realm of faith, where all things are possible?" It is also amazing that human nature in its perversity, having witnessed mighty works and miracles of God still persists in doubt and unbelief. Jesus said: **If thou canst believe, all things *are* possible to him that believeth. (Mark 9:23)**

The Word also tells us in **Mark 11:23-24: that whoever says to this mountain be removed and cast into the sea, and does not doubt in his heart, but believes that those things he says will come to pass, he will have whatever he says. Therefore I say to you, whatever things you ask when you pray, believe that you receive them and you will have them.**

The writer of Hebrews refers to "those in unbelief", - as having an EVIL heart of unbelief (Hebrews 3:11). God looks at lack of faith or trust, - as sin. Conversely we should have a "good" heart filled with faith to please God.

Some people who have been disobedient to God, or negligent in their Spiritual walk with Him, have no confidence when it comes to asking Him for healing or some other blessing. Their faith is weak because they are unable to come in **boldness** to the throne of God with their petitions. In **1 John 3:22** we read: **And whatsoever we ask, we receive of Him, because we keep His commandments, and do those things that are pleasing in His sight.** John is saying that **if our heart does not condemn us**, then we have confidence towards God. Many cannot have that confidence simply because they are not doing those things that are pleasing in the sight of God. They are at warfare with their own conscience. God requires that we should walk in the light as He is in the light – that is with our whole heart and soul. If our heart does not condemn us, we find that we have the boldness to approach Him in faith. A humble walk before God is also a sure foundation to a strong faith in God. God is a forgiving God and He assures us that when we sin, if we truly repent of that sin and confess it to Him (He knows about it anyway), then He will forgive us and cleanse us from all unrighteousness.(1 John 1:9)

Faith is both a gift and a fruit of the Spirit. (1 Cor. 12:9; Gal. 5:22) In one sense, faith grows, like fruit which must mature and ripen, and yet in another sense it is a gift which may come at the moment one needs it. Because in both these cases faith comes through the Spirit of God, it is very necessary that those who desire to have faith, be filled with the Holy Spirit. Jesus said in Acts 1:5: **For John truly baptized with water; but you shall be baptized with the Holy Ghost, not many days henst.** The fullness of the Holy Spirit is a subsequent experience of salvation. As we read in Acts 8:12-17 that the converts of Phillip, who believed in Jesus and had been baptized in water, had not yet received the infilling of the Holy

(Continued on page 6)

(Continued from Page 5 - FAITH IN ACTION)
Ghost. However, when Peter and John came down, they prayed with them and laid hands upon them, and they received. The baptism of the Holy Spirit is not automatically given as one becomes a Christian. It is given when one thirsts for it, and asks the Father for it. Jesus said, **If earthly Fathers give good gifts to their children, how much more will the Heavenly Father give the Holy Spirit to them that ask Him. Luke 11:13.** Since faith is both a gift and fruit of the Spirit, it is essential that every believer should earnestly ask and receive the full power of God's Holy Spirit. (Read our books "Is there Power in the Baptism of the Holy Spirit?" and "Experience the Holy Spirit)

Fear is as bad a sin as any other, and the Bible tells us; "that which is not of faith is sin" (Rom. 14:23). Sin always brings torment/punishment. In **Revelation 21:8,** we read that **"the fearful and unbelieving will be found outside and gates of the City of God."** Many a Christian has lost battle to the enemy because of his fear of the devil more that of God. Jesus said that the enemy "has nothing on Him", and if our hands are clean and our lips pure we can rebuke the devil with the Word of God with boldness. Obviously we do so in the Name of Jesus, in which is invested great authority and power. And when we use His Name in reverence and with boldness with faith and praise, it **will** cause the enemy to flee. So let us arise and withstand the enemy. **It is easy to have faith when things are going well, but we must remember not to doubt in an hour of trial.**

Remember that faith is simply TRUSTING God to do what God's Word says He will do. This passes our intellect and all reasoning. The Word of God says that unless we become as little children, we will not see the Kingdom of God. As an earthly father, if I promise my son a bicycle for his birthday, he believes my words and acts upon them. He immediately thanks me with great enthusiasm, expectation and joy, and then runs out to tell the good news to all his friends. It is interesting to note that he does not even discuss the possibility of my promise not being kept. He does not reason whether or not I have sufficient finance. The fact that he has not yet seen the bicycle does not affect his excitement or trust in my word as his father. This is childlike faith in his father's word. Earthly fathers are sinners and can fail, but our Heavenly Father will never fail us, His Word is yea and amen, it is dependable and He is not a man that He should lie. We can, with absolute certainty, trust His Word completely, and when we do this **He knows it**, and it pleases Him to bring it to pass in our lives and circumstances.

Our words reveal what's really in our heart. We read in **Romans 10:10-11: For with the heart one believes to righteousness, and with the mouth confession is made to salvation. And whoever believes on Him, will not be put to shame.**

It is a fact that, that which we believe in our heart, we will confess with our mouths, be it positive or negative. You only have to listen to a person's speech to know what is really in his heart. Jesus said: **A good man out of the good treasure of his heart bringeth forth that which is good; and an evil man out of the evil treasure of his heart bringeth forth that which is evil: for of the abundance of the heart his mouth speaketh. (Luke 6:45)**

When we truly believe God's promises, the first indication of that belief will be what we **say** in response. My son's immediate response to the promised bike was, **"Thank you Dad!"** and our response to our Heavenly Father's promises to heal or supply in our need should be a very big and grateful **"Thank you!"** – BEFORE we even see it! Thereafter we should speak about that which was promised, not in a way which amounts to us trying to convince ourselves or others, but in a way which demonstrates our true belief in our Father's ability to fulfill His promises.

When it comes to God's Word, - our reaction should always be **"God said it, I believe it in my heart and that settles it!"** and that is faith! □

Ons gehersiende boek

"KAN WOORDE JOU LEWE REAGEER?" (BOEK M5)

is nou beskikbaar.



uit **Dr James se kantoor**

Geliefdes,

Ons loof en dank die Here vir die pragtige reën wat ons onlangs gehad het! Al die suikerrietboere het breë glimlagte op hul gesigte en die wêreld om ons hier in Natal is groen en weelderig! God se skepping is vir seker 'n Meesterstuk en ons staar in verwondering na die prag wat elke jaar met die Lente kom. Dit alles het Hy vir ons geskep om te geniet en om ons te herinner aan wat 'n wonderlike God ons liefhet en dien. Ons moet onthou dat die Here steeds ten volle in beheer van die Aarde is en niks gebeur sonder dat Hy dit weet nie, dus kan ons juig en bly wees ongeag van die omstandighede wat ons in hierdie wêreld omring. Inderdaad leer die Bybel ons dat wanneer ons al die wetteloosheid, korrupsie, oorloë, vloede, aardbewings en chaos sien, soos beskrywe in Matt. Hoofstuk 24 en Luk. Hoofstuk 21, "moet ons opkyk – want ons Verlossing is naby" (Luk. 21 :27-28). **Ons finale verlossing en redding sal plaasvind wanneer Jesus kom om Sy Bruid te kom haal!** Jesus het gesê dat hierdie tekens van die tye is soos 'n vrou wat in kraam gaan (Matt 24-8), en alhoewel elke vrou weet dat die kraampyne erger en pynliker word hoe nader dit aan die geboorte van die baba is, juig sy ten spyte van haar foltering, omdat sy weet dat die baba amper gebore is en dit is waarvoor sy wag en na verlang! Netso, moet ons ook juig, omdat ons weet dat ons Here Jesus se verskyning naby is! **Ons moet voorbereid en reg wees, en ons moet na Sy verskyning verlang!**

Ten slotte wil ek julle aanmoedig om die geestelike inhoud van die voorblad artikel 'n persoonlike waarheid in julle eie lewens te maak en 'n saak van gebed om die Here se aangesig in hierdie verband te soek. My gebed is dat dit vir ons 'n diepe openbaring en werklikheid in ons wesenlike sal wees. Hierdie is nie die tyd om tevrede met ons huidige geestelike lewe te wees nie. Ons het nodig om meer geestelike oefening te doen, net soos 'n atleet sy fisiese liggaam oefen om sterker te word en 'n langer uithouvermoë, in hierdie laaste dae voor Jesus se koms. Vertrou meer op God, glo Hom meer vir Sy beloftes, leer meer van Sy Woord en wees meer gehoorsaam aan Sy opdragte, vergewe meer, wees meer lief vir jou medemens en getuig meer oor Jesus en die Groot dinge wat ons Hemelse Vader vir ons elke dag doen!! Wees nugter en wakker sodat die duiwel jou nie onverwags aan die slaap sal vind nie!

Ons bid vir almal wat hulle jaar einde eksamens skryf. Ons weet dat die Here hul ywer in hulle harde werk sal eer. Die eienskappe van volharding en lydsaamheid word reg deur die Bybel gevind, en bring altyd sukses.

Weereens wil ek elkeen van julle persoonlik bedank vir julle, gebede, liefde, aanmoediging en ondersteuning in elke opsig. Ons kan julle nooit vergoed nie, maar ons vra ons Hemelse Vader om dit vir julle te doen!! Hy is die Gewer van alle goeie gawes en ons vra Hom om julle in oorvloed te seën met alle geestelike en fisiese seëninge. Baie dankie vir julle deelname om die Evangelie van ons Here Jesus Christus in ons land, asook Namibië en oor die grense vanaf die Stanger Christelike Sentrum te versprei.

Baie liefdegroete

Dr James

DIE BELANGRIKHEID VAN VERGIFNIS

Liewe Dr James,

My lewe het geen sin gehad nie, ek was 72 jaar verbitterd, het nie meer gebid of bybel gelees nie. My predikante kon nie help, kerk het ek nie besoek nie. Ek het gedink aan selfmoord, op soek na pille kry ek u boekie in 'n laai. Die Krag van Vergifnis (Boek no M64). U boekie het my weer sin in die lewe gegee, baie dankie! My ook gered!! Baie dankie. God seën u vir die goeie werk.

Mev H J O'Neill, Westgate

Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Net ‘n baie baie groot dankie aan onse Koning Jesus – Ewan en Anerie is genees!. Dit was ‘n lang pad van stryd, en sonder mediese hulp en kennis nie. Die simptome het hulle in ‘n gat van moedeloosheid laat val. Ons het aangebied om Ewan te neem, en weg te vat by sy ma en pa, en na julle toe te ry, en onbepaal daar bly tot hy genees is. Estie het vir sy juffrou gaan sê. Toe sê diè sy moet vir die skoolhoof gaan sê. Toe sê sy maar hulle het ‘n indentiese gevel gehad, bel die moeder, kry die webblad, bel die dokter, en kry die volgende dag ‘n afspraak. Hy sê dis ‘n staffilococcus of iets, in die vel, meng room, en daar kom hy reg. Baie dankie vir julle ondersteuning!! Hy het vir Annerie ook salf gegee. Sy was mos amper dood toe sy 10 dae oud was, hoe lank in intensief. Dit gaan goed met ons. Ons verlang net om julle weer te sien. Baie liefde.

Albertus en Marietha, Adelaide

Ek het ‘n tyd gelede aan julle grskryf en gevra dat julle vir my bid. Ek het ‘n aar gehad wat net bokant my oor binne in my skedel gelek het. Dit het ‘n gedurige geklop in my kop veroorsaak, sodat ek selfs nie kon slaap nie. Na ‘n 5 uur operasie het die dokters die aar verseël. Die geklop het na sowat 2 maande weer begin en ek sou moes teruggaan vir nog ‘n operasie. Ek het gevra dat julle vir my bid en een oggend toe ek wakker word was die geklop weg. Ek loof en prys ons Almagtige Vader vir my genesing. Net Hy kan sulke wonderwerke doen. Groete in die Naam van Jesus.

Mev M Slabbert, Parys

Many thanks for all your love and prayers over so many years. I was again diagnosed with breast cancer. Docters not being certain that it not being terminal this time. I phoned Stanger, and doc and the team to intercede for me. I was sent for a MRI, bone scan and scan of the abdomen, also to be done, later. After they, I was sent to the surgeon, she examined me, and said: “You haven’t got cancer.” I said I know, people prayed for ma and our pastor has annointed me with oil, laying hands on me in prayer. (James chapter 5:14). So she called another surgeon, he examined me and said: “I can’t find cancer.” She said with a lovely smile that she also believes in divine healing, but just to make sure, let us do one more scan. There was no cancer, even after she again examined me. She said: “Go to your onchologist and tell him I am changing your records.” Praise God! Thanks to you all at Stanger who have been spiritual parents since 9th May, 1984. God bless you all!

Amanda Human

Ek wil net vir u dankie sê vir u gebede vir my. Ek is genees van groeisels in die keel en pyn in die kliere van my nek. Die groeisels was so erg dat ek moeilik kon sluk en praat. Die pyn was onmiddellik weg en die volgende oggend was die groeisels weg asof dit met ‘n mes verwyder is. Loof die Heer!! Prys Sy Naam!!

Mev Le Roux, Ventersdorp

My hart juig en ek kan die Here nie genoeg dank nie. Ek het gordelroos gekry en wat ‘n pynlike siekte. Ek was baie siek. My suster het die Sentrum geskakel en gevra of u nie vir my kan bid nie. Wat ‘n vreugde toe ek voel geen pyn en seer in my arm en bors nie. Trane van vreugde het vrylik gevloei. Ons dank en prys God vir Sy goedheid.

Mev A Botes, Welverdiend

My man wat vir drie maande behandeling gekry het vir velkanker is heeltemal gesond! Prys Sy Naam! Die Here is vir ons baie goed!! U het ook vir my gebid vir die kanker in my bors, en die Here het my ook heeltemal genees. Prys Sy Naam!!!

Mev S De Klerk, Vryburg

Dankie vir julle gebede vir Cameron my dogter van 10 se mond waar daar nie plek was vir haar tande om deur te sny nie. Sy is pyn vry en die tande sny mooi deur. PRYS DIE HERE!!

Mev N Davies, Centurion

Ons loof en prys Jesus want hy het weereens iemand aangeraak. Die Maritza Matthee meisie vir wie ek ‘n gebed aangevra het vir kanker, haar ma het laat weet dit gaan goed met haar, die kanker is weg!! en sy was al die tyd swanger ook terwyl sy die chemo gekry het en hulle het nie geweet en die dokters teken daar is niks verkeerd met die baba nie sy gaan die baba seun hê ‘n keiser op die 15 September 2012. Sy moes sê schemos kry en sy het net twee daarvan gekry en sy is genees. Ons loof en prys ons Hemelse Vader!!

Mev Rabie, Newcastle